HOPE EXPLOSION YOUTH MINISTRIES

# Beaumont Nuusbrief
# 27 Nov 2012



## Beste ouers: Wat wou ons bereik met uitreik ?



**1.UT PROSIM is Beaumont se leuse en om te dien is wat die gr1 en 3's vandag graag wou doen!**

**2.Liedjies** is gesing en "Rockstar" en "Koning van die oerwoud" en "My God is so groot" was bo-aan die wenslys hierdie jaar!

**3** Aangesien daar omtrent 115 kleutermaatjies was het ek my les op hulle gemik! Die **verhaal van Sannie ballon** is vertel wat gaan oor pap ballon wat net maatjie kan skiet en nie veel beteken nie MAAR as Sannie Ballon 'n kind van God word, dan word sy opgeblaas; sy kry bietjie lug in...sy moet vir Jesus in haar lewe in nooi en 'n kind van God word. Dan moet Sannie elke dag bid tot God (nog bietjie opgeblaas word)...met God praat en vir Hom sing en dans. (Nog meer opgeblaas) en so word Sannie voller en voller net van God . Ons lees in die Bybel: **Joh 1:12 "Maar aan almal wat Hom aangeneem het, dié wat in Hom glo, het Hy die reg gegee om kinders van God te word."**

**4**.Soms doen ons al die slegte goed wat Sannie Ballon gedoen het… bid nie, lees nie Bybel nie, jok, luister nie na Pappa en Mamma ens. Dan word ons leeg (ballon blaas af!) en moet Jesus vra om ons te vergewe en word ons weer vol van Hom-ons het JESUS nodig! **As jy wil vol word van God, moet jy eers 'n kind van God word. Op my vraag wie vol wil word van Jesus en God se kind word, het baie hul hande opgesteek en ons het saam gebid dat Jesus hulle sonde wegneem en Sy kind maak.** Bid asb vir die maats wie Jesus aangeneem het!



**5.**Almal het lekker **saamgekuier en boeresport** gedoen en geskenke uitgedeel. Ons wys ons liefde vir ander kinders ♥



**NB Kyk ook op 2de bladsy na foto's**

**Bid asb vir jou kind en die bediening. Moet nie huiwer om my te kontak nie.**
**Groete Celeste Steinmann 082 322 5299 of stuur e-pos na : hope.explosion@telkomsa.net**

**DANKIE VIR ELKEEN SE BYDRAE VIR GESKENKE EN LEKKERGOED PAKKIES** en ook al die hulp met vervoer -

**DIT WORD BAIE WAARDEER!**

Die uitreik was 'n reuse sukses! Almal stem saam dat ons dit volgende jaar weer moet doen.Ons gee aan God die eer vir hierdie dag!


















